

25 Augustus

Skrifgedeelte: Kolossense 4:10-18

FOKUSGEDEELTE: NGB, ART 6

Die apokriewe boeke

Onder die groeteboodskappe wat Paulus oordra vind ons 'n verwysing na 'n brief wat hy aan die gemeente van Laodisea geskryf het (vers 16). Laodisea was 'n stad nie ver van Kolosse af nie. Paulus gee opdrag dat Kolosse en Laodisea hulle briewe wedersyds moet uitruil. Tog het net die Kolossensebrief vir ons in die Bybel behoue gebly. Wat het van die Laodisensebrief geword?

Dalk het die mense van Laodisea nie gedoen wat Paulus gevra het nie. Hulle word juis later in die Bybel as lou en selfgenoegsaam beskryf (Open 3:14-22). Waarskynlik het hulle bloot "kennis geneem" van Paulus se brief en dit nooit laat dupliseer en verder versprei soos hy versoek het nie. Met die verloop van tyd het die oorspronklike kopie waarskynlik verlore geraak. Wat sou gebeur as dit eendag weer gevind word? Moet dit dan in die Bybel ingesluit word? Paulus self meen immers dat dit gelees moet word!

Nee, God het anders besluit. Nie outeurskap nie, maar Outeurskap (Heilige Gees) bepaal of 'n boek in die Bybel opgeneem word. Nie die versuim van die Laodisense nie, maar die beskikking van God het bepaal dat die Laodisensebrief apokrief en nie kanoniek is nie.

Natuurlik sal dit interessant wees om die Laodisensebrief, as dit dalk eendag ontdek word, te lees. Saam met baie ander apokriewe bronne wat in daardie tyd geskryf is kan dit ons help om 'n beter insig te kry in die lewens van die mense aan wie die Bybelskrywers geskryf het. So kan ons die betekenis van die boodskap van Bybelboeke nog beter verstaan.

Oor een saak kan ons egter nou al sekerheid hê. Daar sal in die Laodisensebrief niks geskryf staan wat wesentlik nuwe dinge oor die geloof of ons saligheid leer nie. Daarvoor is die Here se verbondstrou en sorg oor al die geslagte te groot.

DR. WC VERGEER (POTCHEFSTROOM-OOS)

~~~~~